# VILLIE NUUS

Laerskool Villieria

13 Maart 2026

Villieskompas
(Blitsskakels)


2 Sokkie
3 Entrepreneursdag
4 Fondsinsamelings & Verdaagtye
5 Ouertoegang tot die skoolterrein
Sosiale Media
6 Toesluitkassies & Foto's
7 Finansies
8 Kultuur
12 Sport
14 Borge
15 Gedagte vir die week
Villies gebedsgroepe
16 Kontakbesonderhede
17 Kalender

# Sokkie

**GRAAD 5 – 7**

**Woensdag, 18 Maart 2026** is alle graad 5- tot 7-leerders welkom om ons Sokkie by te woon **in die skoolsaal (17:30 – 20:00).**

- Indien 'n leerder bogenoemde Woensdag **afwesig** is, sal hy/sy nie toegelaat word om die Sokkie by te woon nie.
- **Geen leerders van ander skole** word toegelaat nie.
- Ingang is **R20 per leerder** wat 'n pakkie chips en 'n koeldrank insluit.
- Daar sal ook 'n snoepie beskikbaar wees in die saal.
- **Geen selfone of tablette** word toegelaat nie.
- Alle leerders moet **op die laatste om 20:00 by die skoolsaal afgehaal word.** Geen leerder sal toegelaat word om na die hek te stap nie.



# Entrepreneursdag




## GRAAD 1 - 3

Ons graad 1 - 3 Entrepreneursdag vind plaas op **Vrydag, 20 Maart 2026.**
**Alle graad R- tot 7-leerders verdaag om 13:00 op hierdie dag.**




**Neem kennis van die volgende riglyne:**

- Hierdie geleentheid is vir die ontwikkeling van ons leerders, en ons vra ernstig dat die ouers/ voogde nie die verkope sal oorneem nie, maar wel net toesig sal hou.
- Daar sal graad 7 - leiers aan diens wees om leerders behulpsaam te wees as ouers/ voogde nie beskikbaar is nie.
- Deelname aan hierdie dag is nie verpligtend nie.
- Alle ouers/voogde verkry toegang tot die perseel by die motorhek in 30ste Laan en nie by die hoofingang van die skoolkantoor nie.
- **Die hek open om 11:00.**
- Geen voertuie mag binne die skoolterrein parkeer nie.
- **Neem asseblief kennis dat daar nie tafels beskikbaar sal wees nie, maar dat elke verkoper verantwoordelik is om hul eie tafel te bring.**
- Verkope geskied vanaf **11:15 – 12:45.**
- Geen oop vure, gasbottels of toestelle wat met krag werk word toegelaat nie.
- **Geen lewende hawe van enige aard mag verkoop word nie.**
- Geen energiedrankies, kougom, skiet- of watergeweertjies, rekkies en klappers mag verkoop word nie.
- **Spuitverf (hetsy op die hare of lyf) is verbode.**
- Graad 1- tot 3-leerders wat items gaan verkoop, se ouers moet asseblief die volgende skakel voltooi: https://forms.gle/T4osPt1VpsLvoqDJ6

# Fondsinsamelings



## HUISHOUDELIKE PLASTIEKSAKKE

**Ons volgende uitdeeldatum sal aan u gekommunikeer word aangesien ons wag vir voorraad vanaf ons verskaffer.** Wanneer die voorraad arriveer, sal die uitdeel weer per deurry-geleentheid plaasvind.

Ingang by die motorhek in **29ste Laan.** Geen sakke word oorhandig sonder dat u sakkebestelvorm by u is nie.

Geen sakke word uitgehou nie, geen sakkebestellings telefonies of per e-pos nie.Indien u per EFT betaal, moet u die bewys van betaling, tesame met die bestel-vorm, stuur na u kind se klasvoog sodat u betaling deur mevrou Ida Roodt by ons finansiële kantoor kontrolleer kan word.

# Verdaagtye

| | | |
|---|---|---|
| Graad R | Maandae - Vrydae | 13:00 |
| Graad 1 - 2 | Maandae - Vrydae | 13:15 |
| Graad 3 - 7 | Maandae - Vrydae | 13:30 |

Indien daar ‘n verandering aan ‘n spesifieke dag se verdaagtyd is, sal dit vroegtydig aan u deurgegee word.

# Ouertoegang tot die skoolterrein

Toegang na Ontvangs kan **SLEGS** verkry word deur aan te meld by die **kantoor-hekkie in Ben Swartstraat**. U sal dan bygestaan word met u navraag/ afspraak.
Kantoorhekkie: **Maandae – Donderdae (7:00 – 14:15) en Vrydae (7:00 – 13:45).**
Geen persoon, hetsy ouer/voog of buite-persoon word op die skoolterrein toegelaat nie, tensy per afspraak.
Geen persoon sal toegelaat word om die skoolterrein te betree by enige ander ingang nie.
**Ons vra vriendelik vir ouers/ voogde se samewerking in hierdie verband ter wille van ons leerders se veiligheid, asook ons skool en personeel se eiendom.**

# Sosiale Media

Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Facebookblad:** https://www.facebook.com/share/1CqaLgS3Kt/.
Ons vorige Facebookblad naamlik "Laerskool Villieria Amptelik" is nie meer in gebruik nie.
Volg asseblief die volgende skakel om toegang te verkry tot ons skool se nuwe **Instagramblad**: https://www.instagram.com/laerskool_villieria?igsh=N2praXo4bDd1M2tn

# Toesluitkassies

- Daar is slegs nog 'n **enkele paar toesluitkassies beskikbaar** teen **R150 elk** vir die jaar.
- Leerders kan kom navrae doen by mevrou Ida Roodt in die finansiële kantoor. EFT - betalings kan ongelukkig nie aanvaar word nie, aangesien ons werk op die basis van "First come, first serve."
- **Slegs kontant- of kaartbetalngs.** Leerders moet ook reeds die nommer van die toesluitkassie ken wat hul wil gebruik voor hulle aanmeld by mevrou Ida Roodt.




# Foto's

Alle fotobestellings moet voor of op **Dinsdag, 24 Maart 2026** by meneer Jaco Malan inbetaal wees.
Ons vra dat u asseblief die **korrekte bedrag** in die koevert sal plaas, aangesien ons nie die koeverte oopmaak nie.

**Atletiekfoto's** is beskikbaar by juffrou Van Staden vir bestelling teen **R55** elk.

# Finansies

Ons wil graag ons opregte dank en waardering uitspreek teenoor elke ouer/voog wat reeds van die begin van die 2026 - skooljaar, die skoolfonds getrou betaal. U betrokkenheid en verantwoordelikheid maak 'n werklike verskil. Deur u samewerking stel u die skool in staat om volhoubaar te funksioneer, kwaliteit onderrig te handhaaf en 'n veilige, ondersteunende leeromgewing vir elke leerder te verseker.

Ons besef dat finansiële verpligtinge, beplanning en opoffering verg, en daarom waardeer ons u ondersteuning en lojaliteit ten volle. Dit is juis hierdie samewerking tussen ouers/ voogde en die skool, wat bydra tot die sukses en vooruitgang van ons skoolgemeenskap. Baie dankie vir u vertroue en voortgesette ondersteuning.

- **Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde (Graad 1 – 7)**
  Kwalifiserende ouers/voogde moet **jaarliks aansoek doen** vir vrystelling van gedeeltelike vrystelling van skoolgelde.
  Indien u 'n 2026 - Aansoekvorm benodig, moet u asseblief 'n e - pos stuur aan **finansies@laerskoolvillieria.co.za**.
  Aansoekvorms sal dan aan ouers/voogde gestuur word per e - pos. Geen harde kopieë sal uitgedeel of ontvang word nie, **slegs per e-pos.**
  Vrystelling-/gedeeltelike vrystelling van skoolgelde word bepaal deur formules en regulasies soos deur die **Departement van Onderwys** daargestel.

# Kultuur

## KOOR (GRAAD 4-7)

Oefening vir die komende week:

- Maandae 06:45 - 07:30
- Woensdae 06:45 - 07:30

## REVUE

Let wel: Geen groepe is al gestig nie as gevolg van uitstaande briewe.
Ouers moet asseblief geduldig wees. Alle revue - inligting verskyn in die nuus - briewe

Oefening vir die komende week:

- Maandae 13:45 - 15:15
- Woensdae 13:45 - 15:15

**Onthou asseblief u kind se swart hemp vir oefening.**



# Sport

## NETBAL




**Mandjie-netbal (o/6):**

Oefening vir die komende week:

- Dinsdag 13:00 - 14:00
- Donderdag Geen oefening

**Mini-Netbal (o/7 – o/9)**

o/7

Oefening vir die komende week: (Volgens groepe)

- Dinsdag 14:00 - 15:00
- Donderdag 14:00 - 15:00

o/8

Hou asseblief die klas WhatsApp groepe dop. Die groep gaan vir die proewe in kleiner groepe verdeel word.

o/9

Oefening vir die komende week

- Dinsdag 14:00 - 15:00
- Donderdag 14:00 - 15:00

**Netbal (o/10 – o/13)**

Oefening vir die komende week

- Dinsdag (Alle A - & B - spanne) 14:00 - 15:15
  (Alle C - spanne) 15:00 - 16:00

Inter-Distriksproewe vir die komende week

- Dinsdag 13:45 Laerskool Wonderboom (weg)

(Dogters van die o/12A- en o/13-spanne wat deurgedring het vanaf D3-Proewe)

D3 - Proewe vir die komende week: (o/12 - & o/13A - spanne)

- Donderdag 13:45 Laerskool Stephanus Roos (weg)

# Sport
## vervolg

Level UP - toernooi vir die komede week

Sterkte vir ons A- en B-spanne wat vandag en môre deelneem aan die toernooi by Curro Hazeldean.

Wedstryde vir die komende week:

- Donderdag — Alle spanne — Laerskool Monumentpark & - Rooihuiskraal (tuis)

Wedstrydprogram:

| TYD | **BAAN 4** | **BAAN 1** | **BAAN 2** | **BAAN 3** | **BAAN 5** |
|---|---|---|---|---|---|
| **14:30 - 14:49** | o/10A (RO) (MO) | o/11C (VIL) (RO) | o/12C (VIL) (MO) | o/13A (RO) (VIL) | MO o/10C RO o/10D |
| **14:52 - 15:11** | o/10B (MO) (VIL) | o/11B (VIL) (MO) | o/12B (MO) (RO) | o/13B (VIL) (MO) | MO o/11C RO o/11D |
| **15:13 - 15:32** | o/10C (VIL) (RO) | o/11A (MO) (RO) | o/12A (RO) (VIL) | o/13C (MO) (RO) | MO o/12C RO o/12D |
| **15:34 - 15:53** | o/10A (RO) (VIL) | o/11C (MO) (RO) | o/12C (VIL) (RO) | o/13A (RO) (MO) | RO o/13D VIL o/13C |
| **15:55 - 16:14** | o/10B (RO) (MO) | o/11B (VIL) (RO) | o/12B (MO) (VIL) | o/13B (VIL) (RO) | RO o/11D VIL o/11C |
| **16:16 - 16:35** | o/10C (VIL) (MO) | o/11A (MO) (VIL) | o/12A (RO) (MO) | o/13C (MO) (VIL) | |
| **16:37 - 16:56** | o/10B (RO) (VIL) | o/11C (MO) (VIL) | o/12C (MO) (RO) | o/13B (RO) (MO) | RO o/12D VIL o/12C |
| **16:58 - 17:17** | o/10C (RO) (MO) | o/11B (MO) (RO) | o/12B (VIL) (RO) | o/13C (VIL) (RO) | RO o/10D VIL o/10C |
| **17:19 - 17:38** | o/10A (VIL) (MO) | o/11A (RO) (VIL) | o/12A (VIL) (MO) | o/13A (MO) (VIL) | MO o/13C RO o/13D |

# Sport vervolg

## RUGBY

**Bulletjie - Rugby (Graad R - tot 2 - seuns)**

Fooie:

**Alle gelde word by die skool inbetaal.** Indien u 'n **EFT-betaling** doen in die skool se bankrekening, gebruik asseblief u familiekode, tesame met **PR980 as verwysingsnommer.** Die seisoenfooi beloop **R 512 p/speler.**

Villies-Naskoolleerders:

Indien u seun 'n ingeskrewe naskoolleerder is en deur die naskoolpersoneel oorbaan geneem moet word (16:45) na die rugbyveld vir oefeninge, moet u die Naskool **skriftelik in kennis stel.**



Oefening:

- Maandae 17:00 – 18:00
- Woensdae 17:00 – 18:00

Wedstryde vir die komende week: (Spelers sal programme ontvang)

- Saterdag (14 Maart) Laerskool Anton van Wouw (weg)

Vir enige navrae of indien u nog nie deel is van die WhatsApp groep nie, kontak asseblief Johan Basson by 082 778 5800.

# Sport
## vervolg

**o/9 - tot o/13 - seuns**

<u>Toere:</u>

Dit is lekker om aan te kondig dat Laerskool Villieria vanaf 2026 ook met die B-spanne 'n toer gaan bywoon.

| | | | |
|---|---|---|---|
| o/9A en o/10A | 13 - 15 Maart 2026 | Zwartkloof | R 1 500 |
| o/11A en o/13A | 22 - 25 Maart 2026 | Volksrust, Pionier | R 2 100 |
| o/9B tot o/11B | 26 - 28 Maart 2026 | H/s Oos-Moot | R 800 |
| o/13B | 30 Maart - 1 April 2026 | H/s Oos-Moot | R 800 |

Ons wag vir die wedstryd programme. Daarna sal ons alle reëlings aan die seuns deurgee.

<u>Oefening vir die komende week:</u>

| | | | |
|---|---|---|---|
| Maandag | o/9 en o/10 | (Alle spanne) | 15:00 - 16:00 |
| | o/11 – o13 | (Alle spanne) | 16:00 - 17:00 |
| Donderdag | o/9C & o/10C | | 14:00 - 14:45 |
| | o/11B - C | | 14:00 - 14:45 |
| | o/9 - o/11 | (A - spanne) | 14:45 - 15:30 |
| | o/13 | (Alle spanne) | 15:30 - 17:00 |

<u>Wedstryde vir die komende week:</u> (Spelers sal programme ontvang)

- Dinsdag — o/9A tot o/9C, o/10A tot o/10C, o/11A tot C, o/13A tot o/13E — Laerskool Wonderboom & Rietondale Primary (tuis)

# Sport vervolg

## SKAAK

Oefening vir die komende week:

- Maandag & Woensdag — Graad 2 & 3 (K. 65) / Graad 4 - 7 (K. 31) — 13:45 - 14:30

## ATLETIEK

Baie sterkte aan die volgende atlete wat Vrydag, 13 Maart 2026 en Saterdag, 14 Maart 2026 deelneem aan die Gauteng Kampioenskappe by Germiston:

Chamolize Olivier, McKayla Fourie, Phoenix Rampedi, Ziandri Louw, Cherise Meadows-Erasmus, Josua van Niekerk, Nathan Ras, Leroux Oosthuizen, Warrick Ward, Luhan Koekemoer, Wian du Plessis, Michael Fourie, Janko Labuschagne, Ilané van der Merwe en Lana Beetge.

# Borge

Ons harte loop oor van dankbaarheid!!!

Namens die Beheerliggaam, personeel en leerders van Laerskool Villieria wil ons, ons opregte en hartlike dank uitspreek teenoor al ons borge. **OppiPlaas Restaurant** en **Tercon Civils** is die nuutste toevoeging tot ons "borge gemeenskap".

Die besonderse bydraes maak 'n reuse verskil in die lewens van ons leerders en dra direk by tot die verbetering van ons Villies. Danksy ons borge se ondersteuning kan ons voortgaan om puik te lyk en so ook te presteer in die verskeie sportgebiede.

Ons waardeer u bereidwilligheid opreg om in die toekoms van ons leerders te belê en sien uit daarna om hierdie vennootskap verder uit te bou.

Nogmaals baie dankie aan al ons borge vir die ruimhartigheid en ondersteuning.

(Pick n Pay Wonderboom Junction)

(Lone Hawk Spur)

(Postnet Wonderboom Junction)

(Superspar Wonderboom Junction)

# Gedagte vir die week

It is a good day,
to have a good
day!

# Gebedsgroepe

## VILLIES GEBEDSGROEPE

Alle pappas, mammas, oumas, oupas, voogde en ondersteuners van Laerskool Villieria wat 'n hart vir gebed het, kom bid saam met ons!

**Dames gebedsgroep:**
In die Sportsaal (Sportvelde oorbaan).
Maandae 7:15 - 7:45
Vrydae 7:15 - 7:45
Volg die skakel om deel te word van die WhatsApp groep:
https://chat.whatsapp.com/Drxh2JX2GMXA4z1Z2ieXcq



**Manne gebedsgroep:**
By Christlife Ministries Kerk (In 30ste Laan langs die skool).
Vrydae 7:15 - 7:45

# Kontakbesonderhede

**Telefoonnommer**:
012 331 1100

**Selfoonnommer**:
068 037 5421
Slegs indien landlyn buite werking is

**Naskool**:
076 511 6464
naskool@laerskoolvillieria.co.za

**Algemene navrae:**
villiesskool@icon.co.za

**Aansoek om toelating:**
maria@laerskoolvillieria.co.za

**Bemarking:**
bemarking@laerskoolvillieria.co.za

**Villies Klerehub:**
klerewinkel@laerskoolvillieria.co.za

**Finansies en Nuusbriefadvertensies:**
finansies@laerskoolvillieria.co.za

# Kalender: Maart

| MA | DI | WO | DO | VRY | SA | SO |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 23 | 24 | 25 | 26 | 27 | 28 | 1<br>Juf Nina (Assistent) |
| 2 | 3<br>Rugby: Vriendskaplik: Garsfontein (T) | 4 | 5<br>Netbal: Vriendskaplik: Louis Leipoldt (w) | 6 | 7<br>Opedag | 8 |
| 9 | 10<br>Rugby: Vriendskaplik: Danie Malan (T)<br>Netbal: Vriendskaplik: Magalieskruin (T)<br>**SW: GEO Gr 4 - 6**<br>**SW: Geo & Gesk Gr 7** | 11 | 12<br>Netbal: o/12A & o/13A D3-Proewe<br>**PSW: Gr 6** | 13<br>Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof)<br>Netbal: Toernooi Curro Hazeldean (W) | 14<br>Juf Elena, juf Mari-Lize, juf Mathilda & Johnny<br>Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof)<br>o/13 Midstreamdag<br>Netbal: Toernooi Curro Hazeldean (w) | 15<br>Mnr Xavier Assistent<br>Rugby: Toer o/9A - o/10A (Zwartkloof) |
| 16<br>Ilze (Admin)<br>Mnr Wessie | 17<br>Juf Casey Assistent<br>Rugby: Vriendskaplik: Wonderboom (T)<br>Netbal: o/12A & o/13A Inter-distriks-proewe | 18<br>Sokkie | 19<br>Netbal: Vriendskaplik: Monument Park & Rooihuiskraal (T) | 20<br>Entrepreneursdag Gr 1-3<br>Skool verdaag 13:00 | 21<br>Menseregtedag | 22<br>Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A |
| 23<br>Oom Flip<br>Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A | 24<br>Juf Cherise Assistent<br>Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A<br>Netbal: Tshwane proewe o/12 & o/13 | 25<br>Rugby: Volksrustoer o/11A & o/13A | 26<br>Rapporte uitdeel<br>Rugby: Oos-Moot toer o/9B & o/10B<br>Netbal: Skeidsregters-eksamen | 27<br>Skool sluit<br>Rugby: Oos-Moot toer o/9B & o/10B | 28<br>Rugby: Oos-Moot toer o/9B & o/10B | 29 |
| 30<br>Rugby: Oos-Moot toer o/11B & o/13B | 31<br>Rugby: Oos-Moot toer o/11B & o/13B | 1<br>Rugby: Oos-Moot toer o/11B & o/13B | 2 | 3 | 4 | 5 |